

Woensdag 5 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 3:21-31 (AFR83)

Fokusgedeelte: Romeine 3:21

Edelagbare – Ter versagting ...

Aanvanklik is daar doodse stilte in die volgepakte hofsaal. Daar is al in Romeine 3:10 bevind dat “daar nie een is wat regverdig is nie”. Inteendeel, die klagstaat wemel van vergrype wat beslis nie ongestraf kan bly nie. Tonge wat bedrieg, voete wat vinnig is om bloed te vergiet en geen ontsag vir God het nie. Niemand sal enige verweer kan aanbied nie. Daar is ook geen sprake van versagtende omstandighede nie.

Totdat die aangeklaagdes hoor dat die vryspraak deur God, waarvan die wet en profete getuig, in werking getree het. Niemand het hierdie moontlikheid oorweeg nie. Immers kon niemand ook nie. Hierdie vryspraak word nie deur eie toedoen verkry nie, maar om in Jesus Christus te glo. Daarsonder het niemand deel aan die heerlikheid van God nie, geen aanspraak op die verlossing deur Jesus Christus nie en geen verweer vir die sonde wat gepleeg is nie. Sekerlik die grootste bewys van God se genade. “Sonder dat hulle dit verdien, word hulle op grond van God se genade kwytskeld vanweë die verlossing deur Jesus Christus.”

Juis omdat ons niks het om op te roem nie, is dit net hulle wat deur ’n ware geloof in Christus ingelyf word en al sy weldade aanneem, wat hieraan deel het (HK Sondag 7, Vraag 20).

Om seker te maak dat dit by ons insink, beklemtoon Paulus dat niemand vrygespreek kan word op grond van die onderhouding van die wet nie. Die mens se beste werk is besmet en onvolkome om enige gronde ter versagting te kan aanbied. Dit is net Christus wat die wet vervolmaak het en tot sy reg laat kom het, wat vrygespreek kan word omdat Hy die eise daarvan nagekom het.

Die enigste versagting wat ek kan aanbied, is my geloof wat God in Christus aan my geskenk het.

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)